> "And lastly, dear conraces, to the militant youth of our country we say that in order to have victory in our lifetime, we've got to take up the message from Robben Island from Comrade Nelson Mandela:

Unite! Mobilised. Fight on!!"

54.10. Mayibuye No. 2 van 1982 - Bew AAF 2 - p.3

"Education Struggle: Defeat the enemy's Schemes."

(1) Die onderwysstryd oorskry die skoolgronde en vereis die aandag van ouers sowel as onderwysers. Die Staat word gekonfronteer met studente en ouers se verstand teen die rassistiese onderwys en die sisteem van onderdrukking.

(2) die sisteem provokeer Swartes met ouderdomsbeperkings wat sal lei tot meer studente wat nie skool kan bywoon nie ter uitvoering van die beleid om aan Swartes onderrig te ontsê om goedkoop arbeid te verseker.

(3) Dit is die wil van die massas om die rassistiese onderwysstelsel te vernietig. Die nuwe regulasies is gemik teen "agitators and unruly elements". Die hoë dopsyfer is a.g.v. hul eie kriteria wat polities gemotiveer word en so kan weggedoen word met studente wat as ongewensd beskou word.

(4) Ouers moet 'n dokument onderteken dat kinders die regulasies sal gehoorsaam en die outoriteit van die skool administrasie aanvaar. Die bloeddorstige moordenaars het in klosule ingevoeg wat hulle vrystel van verantwoordelikheid met die dood of besering van 'n skolier. Die ondertekening van die voorwaardes beteken dat leerlinge nie toegelaat word nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

(5) Ons moet ons weerstand bierteen bied deur georganiseerde massa aksie, alle patriotiese en demokratiese organisasies insluitende burgerlike gemeenskaps-organisasies en kerke moet hierdie strydpunt opneem en die massas organiseer tot landswye weerstand. Ouers, studente en onderwys verenigings moet die kern vorm in die stryd en eenheid in aksie verseker.

54.11. Mayibuye No. 5 van 1984 - Bew AAF 14 - p.7

"The crisis in Education Deepens."

(1) Studente opstande in 1976 en 1980-81 se geweldadige onderdrukking het by gedra om studente aan te moedig om apartheid onderwys te bring en te vernietig.

(2) Die tussentyd word gebruik om tydelik terug te trek en te beplan vir hulle volgende aanval. 1984 het begin met die groei van weerstand teen Swart Onderwys en Bantoestan aanhegtings.

(3) Dit begin met weerstand en boikot teen leerlinge wat uitgesluit word weens ouderdomsbeperkings. Dit het winste gelewer en landswye opstand. Dit weerspieël die studente se ondervinding in taktiek strategie.

> "Whereas the past struggles were based on a central issue, the 1984 struggles took up varied issues in the different areas and schools. Among the issues taken were the age limit regulations, the demand for students representative councils, the detention of student leaders, the presence of police and armies in the bantastan universities, graduation ceremonies addressed by bantustan puppets and so on. But what was glaringly clear was that an all-round attack was being launched on the gutter education system."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

(4) Die ANC aanvaar dat hulle nie alle taktiese en strategiese optredes suksesvol sal wees nie maar skole wat gesluit word kan aangewend word vir hul doel.

> "... we are thus not dismayed or demorilised by the fact that in Pretoria and Transkei, the schools were closed down. We are certain that it will be imperative for us to organise all sections of the community in support of the schools that have been closed down. Thus from our temporary set backs in the struggle, we will emerge prepared for new battles ahead."

(5) Die skolestryd het ook sy negatiewe aspekte. Die stryd was meer gelokaliseerd en nie op nasionale vlak gevoer nie.

> "To redress this situation, we have to relate every singly issue such as that of the SRC's to our general onslaught on an inferior system of education. Every struggle should be part and parcel of the offensive on which we have embarked."

(6) Hoewel ons die boikot wapen dikwels gebruik moet dit aangepas word vir die geleentheid.

> "In the second place, while we use the boycott tactic extensively, and effectively we have to vary our tacties according to the demands of the situation. Methods such as sit-ins, poster and placard campaigns, politions, etc., will be useful for mobilisation and bringing together students for the planning of new offences."

(7) Ander/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

(7) Ander groepe moet betrek word in die hele vryheidstryd, in ons taktiek.

"In the third place the present struggle have involved mainly the African group. We have to go beyond this barrier and mobilise the whole black community. The struggle have to be used as a means of making the students contribute in the fight against the regimes constiputional plans. This means that we have to link our present struggle with the whole system of apartheid and realise that the defeat of the enemys selections plans will be a giant step towards the whole apartheid system and its inferior education system for blacks."

(8) Ook ouers moet betrek word.

"In the fourth place, we have not sufficiently involved our parents in the struggles for a better education. They must be part of it. It is us who have the responsibility to mobilise them into the struggle. Each one of us must carry out this task. Every student activist must be an organiser for united national action. For a free democratic and non-racial system of education."

54.12. Bewysstuk A1

(1) Onderwys en die jeug is vir die ANC 'n baie belangrike deel van die sogenaamde vryheidstryd en spits hom sterk toe op die politisering van die jeug. In hierdie proses speel Swart Onderwys 'n kern rol as deel van die sogenaamde "day to day struggle" en opswepingsmedia. Soos gesien is die FC deel van die werksbeginsels van die ANC en word onderwys beklemtoon.

(2) Met/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

(2) Met die stigting van UDF word ȟ resolusie aanvaar om ȟ kampanje te voer oor onderwys om veral die swart jeug te organiseer en te verenig in aksie. Weereens is dit opmerklik hoedat hierdie resolusie geklee word in die taal van die ANC en van die Freedom Charter - p.28.

(3) Die belangrikheid van hierdie kampanje as een van die plaaslike kampanjes word soos volg gestel op p.3.

> "The UDF, as part of its programme of action, will also focus attention the the housing crisis and the education crisis as well as on removals. By doing so, the UDF hopes to show the destructive and oppressive reality of apartheid, not just as a system of racist legislation but as a system that has the effect of controlling and exploiting the majority of South Africans for the benefit of a wealthy minority."

(4) Udf het onderwys ook betrek in sy Deklerasie op p.5.

> "Students will continue to suffer under unequal education, created to supply a resevoir of cheap labour. Ethnic control and unequal facilities will remain. Apartheid will still be felt in our classrooms."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Die Regering se beleid en wetgewing ten aansien van Swart onderwys is ook 'n kwessie wat deur sowel die ANC as UDF geïdentifiseer is as 'n knelpunt en waaromheen 'n kampanje geloods is deur UDF en sy geaffilieerde organisasies en aktiewe ondersteuners. In hierdie verband word verwys na die volgende bewysstukke.

(1) In bew. A. 1 (eerste dokument) wys UDF daarop dat die UDF kampanje gevoer sal word op 'n aantal vlakke. Daar wod dan daarop gewys dat die klem veral sal val op die plaaslike en streeksvlakke. een van die plaaslike kampanjes "... invole organisation against ... gutter education, ..." - p. 3.

In dieselfde stuk word gesê:

> "The UDF, as part of it's programme of action, will also focus attention on the housing crisis and the education crisis as well as on removals. By doing so, the UDF hopes to show the destructive and oppressive reality of apartheid, not just as a system of racist legislation but as a system that has the effect of controlling and exploiting the majority of South Africans for the benefit of a wealthy minority." - p. 3

(2) In die UDF deklarasie word verklaar dat UDF weet dat onder die huidige bestel "... studenst will continue to suffer under unequal education, created to supply a resevoir of cheap labour."

Bew. A. 1 (eerste dokument) p. 5

(3) Op die konferensie met die stigting van UDF op 20 Augustus 1983 het Samson Ndou ook die toehoorders teen die Regering opgesweep deur te verwys na die knelpunte wat hulle kinders raak in die Swart onderwys. Hy wys ook uit dat die studente reeds besig is om te veg om dinge

te/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

te verander en dra dit ook aan sy gehoor oor dat die Regering die blaam moet dra vir al die probleme.

> "In our schools, our children do not have proper facilities and are given a racist education, are taught in a way that hides the real proved history of our people. Studens in schools are fighting to change these."
>
> <u>Bew</u>. A. 1 (eerste dokument) p. 40

Ndou het ook verwys na die studente onrus van 1976 en die optrede by die gehoor geregverdig om dit by hulle aanvaarbaar te maak as geregverdigde deelname aan die sg. vryheidstryd.

> "In 1976 our children took the lead and shook the country with 18 months of continious acting against apartheid comination saying that they would rather die fighting for freedom than live passively as slaves.
>
> They stood unflichningly in the face of police, guns, batons, dogs and teargas - this has been a point of no return and left a memory in the minds of freedom loving people which could never be erased. With the suffering of their children in mind, workers threw themselves into the tasks of organising to smash this brutal system." - p. 41

(4) UDF het dan ook reeds met sy stigting op 20 Augustus 1983 verklaar.

> "1. That the separate and inferior system of education for the majority of the people of South African entrenches inferior and undemocratic ideas;
>
> 2. That this education system entrenches apartheid;"

en verder dat die studente oor die lengte en breedte van die land besig is met "courageous struggles".
Hulle het dan ŉ resolusie aanvaar.

"1. To/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

"1. to fully support the struggles being waged by our students;

2. to continue the fight and demand for a single, non-racial and democratic system of education for all in a democratic South Africa;

3. that students, teachers and community organisations should unite to fight for democratic education."

Bew. A. 1 (eerste dokument) p. 28
Bew. A. 2 p. 5
Bew. A. 3 p. 6
Sien ook Bew. C102 pp. 42 en 43 en W51 p. 10

(5) Ook AZAPO se oogmerk en doelstelling is, o.a.,

"2. To work towards the establishment of an educational system that will respond creatively towards the needs of Azanians."

Bew. B. 1 p. 4

(6) In bewysstuk B8 word die belangrike rol wat die studente speel in die sg. vryheidstryd beklemtoon en uitgespel. En in bewysstuk B 10 word gewys op die belangrikheid van die Swart student-werker solidariteit in die revolusie.

Sien ook Bew. B. 11 p. 2
B. 12 p. 1
B. 13 p. 2
B. 25
AB. 7
AB. 16

(7) Bew. B. 14 bevat 'n uiteensetting van AZAPO se onderwysbeleid. Daarin word, o.a., die Swart massas en -jeug oortuig dat die Regering se onderwysstelsel deur die Staat en Blanke minderheid aangewend word om die massas te onderdruk en apartheid te beskerm, en dat dit verwerp en vernietig moet word.

Sien ook Bew. B. 21 p. 4

(8) In/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

(8) In bew B. 15 word op p. 3 o.a. verwys na sg. daaglikse knelpunte wat Swart skoliere raak en word dit aangewend om hulle te verenig teen die stelsel. Op pp. 5 en 6 doen AZASM ŉ oproep om Swart Studente om nie gradeplegtighede by te woon nie aangesien dit in die pad van die sg. vryheidstryd staan en teen- revolusionêre tendensies het.

Sien ook bew. AB. 17

(9) By die AZAPO kongres in Jan. 1984 is aan die aanwesiges uitgewys hoe onderwys deur die Regering aangewend word om die massas te onderdruk. Die massas word teen die Regering opgesweep en aangemoedig om, soos in 1976, oproer en geweld aan te gaan.

Bew. B. 18 pp. 15 en 16, en 29
B. 27 pp. 4 en 5

(10) Op 22 Feb. 1985 rapporteer die UDF (Grens) aan die UDF NEC dat hulle besig is met ŉ kampanje rondom die Education Charter.

Bew. C. 11

(11) Op die AZAPO konferensie in Jul. 1984 wys Prof. Mohamed aan die gehoor uit dat die onderwyskrises nie in die klaskamer opgelos sal word nie, maar deel uitmaak van die sg. vryheidstryd.

Bew. C. 25 veral p. 4

Hy dra ook oor dat die onderwysstelsel van die Regering aangewend word om die Swart mense te verslaaf.

Sien ook Bew C. 26

(12) In bew. C. 27 stel Prof. Mohamed dit dat die Regering se sg. minderwaardige onderwysstelsel vir Swartes wat aangewend word om hulle te verslaaf, ŉ konfliksituasie daarstel en dit "must be a time bomb". - p. 2

(13) By ŉ konferensie gehou op 4 Des. 1983 het die Streeksraad van UDF (Oos-Kaap) sekere resolusies aanvaar. Een daarvan was m.b.t. die onderwyskwessie en is o.a. aanvaar dat UDF die sg. "struggle of the students movement" ten volle sal steun en om die kampanje rondom onderwys aktief

te/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

te betrek in die sg. vryheidstryd.

Bew C. 46 p. 6
C. 114 p. 6
AD. 2 p. 6

(14) In bewysstuk C. 53 verklaar UDF dat die kampanje rondom die onderwysstelsel in die toekoms in intensiteit sal toeneem. In die proses sal UDF ook gebruik maak van sy knelpunte -

"This campaign will afford us the ability to unite parents and students more around common problems which confront them." - p. 12

Dit word ook gestel dat die hele onderwyskwessie "...might become a specialised area within the UDF" - p. 12

Sien ook Bew. C. 120 p. 3

(15) By ŉ opleidingskursus wat gereël is deur UDF op 6 Augustus 1983 in Natal, het ene Yacoob Khan, ŉ referant gelewer oor onderwys. hy het aan die toehoorders oorgedra hoe sleg die Regering se onderwysbeleid is en dat dit slegs gemik is daarop om Swartes te onderdruk en verslaaf -

"In a nut shell it means the maintenance of the status quo and to ensure that the darker skinned people of this country will forever be hewers of wood and drawers of water - an attitude that is neither Christian, nor National nor is it education."

Bew. C. 65 p. 1
AL 81 p. 1
Sien ook bew. AL. 137 p. 4

(16) AZAASO verkonder dat die Regering se onderwysbeleid onderdrukkend en ŉ "rascist education" is en dat hulle a trotse geskiedenis van weerstand daarteen het -

"As/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

"As oppressed students we have a long, proud and militant history of resistance to rascist education and to apartheid as a whole. AZASO is commited to continuing this tradition of resistance. Through the Education Charter campaign we hope to get students to formulate their own demands with regard to education. The Education Charter is envisged as containing the short-term and long-term demands of the oppressed and as serving as a beacon for students engaged in struggle."

Bew. C. 74 p. 3 en
Sien ook Bew. W. 13 pp. 4 en 7 en W. 17 p. 2
en W. 21 pp. 18 en 19

Hulle stel dit ook pertinent dat die onderwysstryd net ʼn onderdeel is van die breër en groter stryd vir sg. nasionale bevryding.

Bew. C. 143
Sien ook Bew)e) AB 1 AB 30 AC 7 en AM 37

(17) Op ʼn gesamentlike vergadering van die Nasionale Sekretariaat en Tesourie van UDF gehou op 28 Apr. 1984, waar beskuldigdes 19, 20 en 21 teenwoordig was, is verslag gedoen dat ʼn opleidingskursus beplan is deur AZASO, NUSAS en COSAS. Die doel van die kursus was om te besin en beplan hoe onderwys gekoppel kan word aan die UDF se Million Signature Campaign en ander UDF werk in die algemeen.

Van belang is om daarop te let dat die onderwyskwessie op landwye-basis deur UDF opgeneem en aangewend is in sy organisering, mobilisering en politisering van die massas. So is verslae aangevra oor die onderwys-krisis van verskillende plekke af en besk. 20 het aangebied om ʼn verslag saam te stel oor die kwessie in Cradock.

Bew. C. 89 p. 8
Sien ook bew. D.1 p. 7, T.6 p. 7, AB.18 en AJ.43

(18) In 1985 het die UDF se Nasionale Algemene Raad ʼn verklaring uitgereik waarin hulle, o.a., as een van hulle onmiddelike eise "as the beginning of a process of transition from the prevailing oppressive and exploitative order to

a/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

a democratic state", gestel het ŉ sg. "unified and democratic education system".

Bew. C. 102 p. 8

(19) In die sekretariële verslag aan die Jaarlikse Nasionale Konferensie van UDF op 5 Apr. 1985, stel UDF dit dat onderwys een van die krisis gebiede in die land is. Dit is van belang om daarop te let dat UDF se taak dan uitgespel word, nl. om die onderwysstryd deel te maak van die revolusionere aanslag teen die Staat. Alle geaffilieerdes in alle streke van UDF word dan opgeroep om die Education Charter Campaign wat geleiw ord deur AZASO, COSAS, NUSAS en NEUSA aktief te ondersteun.

Bew. C. 10 p. 11

Sien ook bew(e) F. p. 6, J.2 P. 1, K.1 p. 1, T.15 p. 5 en AB. 2

(20) Ook COSAS verkondig dat hulle die Regering se onderwysstelsel verwerp omdat dit daarop gemik is om die Swartes vir ewig slawe te maak, en die blanke baasskap te behou en die mense te verdeel wat die sg. vryehidstryd oneffektief gaan maak.

Bew. C. 103 p. 1

Sien ook Bew(e) AB. 8, AB. 9, AB. 29 en AB. 33

(21) COSAS en UDF het aktief saamgewerk om die knelpunte rondom die onderwyskwessie te gebruik om die massas te mobiliseer, organiseer en politiseer. Besk. 19 het ŉ groot aandeel hieraan gehad.

Bew. AB. 5 en AB. 19

Dit is ook insiggewend om daarop te let dat Frank Chibane van UDF ŉ belangrike rol gespeel het in die hele onderwyskwessie.

Bew. AB. 20

(22) In bewysstuk AB 21 spek besk. 20 die rol van die student in die sg. bevrydingstryd onder die tiel "students as the Lifeblood of the People's Struggle."

(23) In/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

(23) In bewysstuk AB. 23 hou UDF dit by monde van besk. 21 aan die massas voor dat die sg. knelpunte wat die studente aangryp in die kampanje teen die Regering se onderwysbeleid vir anderkleuriges geregverdig is. Hy stel dit ook dat as die Staat sou optree teen onrus en geweldpleging deur die studente die optrede en geweld wat daaruit mag voortspruit toegeskryf moet word aan die Staat as instrument van onderdrukking, eerder as aan die Swart jeugdiges.

Sien ook bew. AB. 40

(24) SOYCO se program van aksie behels, o.a., dat hulle 'n ondersteunende rol speel "in struggles waged by trade unions, student organisations, women's organisations, political organisations and church organisations. Hulle verklaar ook verder dat hulle deel is van die sg. stryd vir nasionale bevryding en dat hulle sal meewerk aan alle UDF en RMC kampanjes aan nasionale omvang. Hulle verbind hulle ook "to root out and destroy all the reactionary and counter-revolutionary elements throughout the country and the world". Hulle strewe ook na massa-mobilisasie en massa-aksie.

Bew. AB 25, veral p. 1

(25) Besk. 22 verklaar in bewysstuk AB 26 in sy hoedanigheid as president van die Black Students Movement van AZASO ook dat die Regering onderwys gebruik om apartheid te bevorder. Hy stel dit ook dat AZASO, COSAS en NUSAS in 1985 die Education Charter sal opstel wat "will spell out our demands for a better and more relevant education system." - p. 2

(26) Soos hierbo daarop gewys, was dit AZASO, COSAS, NUSAS en NEUSA wat voorgehou is as die organisasies wat aktief betrokke was met die opstel van die Education Charter en vir die voer van die kampanje daar om. Dit is dan van belang om te let daarop dat dit UDF was wat voorstelle vir die Charter versprei het met die versoek dat enige idees daaroor aan UDF gestuur moes word. Ook van belang is om daarop te let dat dit in die voorstelle pertinent gestel word dat die sg. onderwysstryd 'n baie belangrike deel is van die breër sg. vryheidstryd.

Bew. AB. 28

(27) Om/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

(27) In bewysstuk AB 43 wys COSAS op die sg. knelpunte wat die studente raak ten einde die mense op te sweep tot ontevredenheid in vyandiggesindheid teenoor die Regering en hulle te verkry om rondom hierdie aspekte te verenig en in opstand te kom teen die Regering.

Hierdie selfde tema word herhaal in bewysstuk AB. 45 waaruit verder blyk die nou samewerking tussen COSAS en AZASO. Verder word 'n oproep tot eenheid gedoen om hul verenigde mag te gebruik as die Regering nie aan hulle eise sou gehoor gee nie. - p. 2

Sien ook Bew. W. 16 p. 4, W. 17 pp. 2 en 3 en W. 21 pp. 27-31

(28) Bewysstuk AB. 48 is 'n tydskrif - "African Perspective". Feitlik die hele uitgawe word gewei aan artikels oor die onderwys. Die massas word voortdurend daaraan herinner hoe sleg en onderdrukkend die Regeringsbeleid t.a.v. Swart onderwys is.

(29) Bewysstukke AB. 34, 35 en 36 is AZASO verslae waarin die verskillende takke rapporteer oor hulle werksaamhede. Van belang is die feit dat die bewysstukke gevind is in die besit van M. Morabe, die koördineerder van die UDF se Million Signature Campaign, en 'n aktivis wat baie aktief is in die hele UDF-opset. Dit dui, m.i., op die groot mate van samewerking en veral ook koördinasie van AZASO aktiwiteite deur UDF.

(30) Wat die W-reeks van bewysstukke betref, word op die voglende gewys:

(a) In bewysstuk W. 12 word FEDTRAW se resolusies voorgehou. O.a. verbind hulle hulle ook om die Education Charter campaign aktief te steun en skaar hulle hulle ook agter die sg. knelpunte in die onderwys-kwessie - p.1 .

(b) Bew./...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

(b) Bew. W. 13 is AZASO se nasionale diensbrief. In die president se boodskap word die studente se rol in die sg. "national democratic struggle" beklemtoon. Op. p. 3 word verslag gedoen oor die AZASO kongres en word dit gestel dat die hoogtepunt 'n paneelbespreking was oor die geskiedenis van die studente beweging. Besk. 20 was deel van die paneel.

> "The discussion was aimed at tracing the roots of the student movement to see whether AZASO was on the correct path or not...
>
> I think at the end all AZASO activists could rest assured that we were continuing the tradition created by organisations as far back as the ANC Youth League and the South African Students Organisation." - p. 3 (My onderstreping)

Dit word gestel dat adv. Zac Yacoob van UDF (Natal) en NIC op die Congres die aanwesiges toegespreek het oor die "national democratic struggle". Hy het die Freedom Charter sterk op die voorgrond gestel as "the beacon and guiding force in the struggle for total liberation in South Africa." Hy het dit ook oorgedra dat nie een groep of klas, soos bv. die studente, alleen in die stryd is nie maar "all these forces welded into a popular unity." Hy het dit by die mense ingeskerp dat hulle moes meewerk om die bestaande bestel te vervang met 'n "society contemplated in the Freedom Charter".

Dit is in die lig hiervan, dat die kwotasies uit die Freedom 1Charter wat teen die mure van die kongressaal se mure gedrapeer was, meer betekenis kry as blote versierings. - pp. 3 en 4

(c) In bew. W. 19 word die "evil" van Swart onderwys weer onder die massas se aandag gebring en word weer verwys na die knelpunte in die onderwys. In dieselfde artikel word Curtis Nbondo, hoof van NEUSA en UDF aktivis, ook aangehaal waar hy dit stel dat oproer en geweldpleging,

veel/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

veel erger as die 1976-onluste, baie waarskynlik is as die Regering nie afsien van sg. "apartheid education" nie. - pp. 1 en 3

In nog 'n artikel op p. 3 word dit aan die massas voorgehou dat waar die veiligheidsmagte opgetree het tydens die oproer en onluste tydens 'n skole boycot in Pretoria, die Regering die volle blaam dra vir die dood van 'n skolier en die skuld daarvoor nie voor die deur van die skoliere gelê kan word nie.

Sien ook bew. W. 21 pp. 5-17

(d) In bew. W. 20 word dit nogmaals aan die massas voorgehou dat die Regering se onderwysbeleid onderdrukkend en ondemokraties is en dat die studente se stryd 'n uitegrale deel vorm van die sg. vryheidstryd. - p. 4

(e) In bew. W. 42, 'n UDF News, word dit aan die mense oorgedra, dat die skole onrus net tot 'n einde sal kom wanneer die huidige regering vervang word met 'n sg. demokratiese regering, waar daar 'n sg. dinamiese, vrye en verpligte onderwysbeleid sal wees. Die sg. knelpunte in die onderwys word ook weer uitgelig en dit gestel dat rondom hulle georganiseer moet word. - p. 2

(f) In bew. 48 p. 4 word weer verwys na die sg. knelpunte in die onderwys en word die massas oorgehaal om daarom te verenig en word 'n gevoel van haat teenoor die Regering opgewek.

(g) In die begin van 1984 het 'n aantal geaffilieerde jeugorganisasies van UDF in Johannesburg vergader by 'n National Youth Conference. Daar is besluit om die Freedom Charter te propageer as "the Beacon in the struggle". Daar is die jeug geïndobtrineer om te aanvaar dat hulle 'n baie belangrike rol het om te speel in die sg. vryheidstryd om die Regering omver te werp en hulle te bevry van die uitbuiting en onderdrukking deur die S.A. Regering.

Bew. W. 48 p. 11

(h) Bew./...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

(h) Bew. W. 50 is 'n verklaring van COSAS se Nasionale Uitvoerende Bestuur waarin dit gestel word dat die Regering se onderwysbeleid ondemokraties en onderdrukkend is en aangewend word om die Swartes ondergeskik te stel aan die Blankes en die Regering se belange. Dit word gestel dat in sg. nie-rassistiese, gelykwaardige en demokratiese onderwysbeleid slegs verwysenlik kan word deur die omverwerping van die huidige bestel en 'n vervanging daarvan deur 'n sg. demokratiese regering. Die sg. knelpunte in die onderwys word uitgewys om die massas om te organiseer en die studente se stryd deel te maak van die sg. vryheidstryd. Vir die doel word die aanwesiges ook opgeroep om aktief deel te neem aan die Education Charter Campaign.

(i) In bew. W. 61 op p. 23 word dit aan die massas voorgehou hoe minderwaardig en onderdrukkend die Regering se onderwysstelsel vir Swartes is. Dit word ook gestel dat die Regering die stelsel gebruik ten bate van die Swartes en ten gunste van die Blankes teenoor wie 'n haatgevoel opgewek word. Die studente word ook opgeroep. "(to) always ensure that they link the educational struggle with the overall struggle for liberation."

(j) In bew. W. 62 op p. 1 word die mense ingelig oor die van stapel stuur van die Education Charter Campaign en word dit beklemtoon dat die Education Charter gebaseer moes wees op die Freedom Charter.
Steve Tshwete, president van UDF (Grens) word ook aangehaal dat hy verkondig dat die Regering se onderwysstelsel ontwerp is om onderdrukking en uitbuiting te laat voortduur. Hy laat die mense ook glo dat 'n aanval op die stelsel geregverdig is omdat dit 'n direkte aanval is op apartheid. Hy beklemtoon ook die belangrikheid van solidariteit tussen ouers, werkers en studente.

k) In/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

(k) In bew. W. 63 word die beeld uitgedra dat die sg. "Bantu education" besig is om te verbrokkel a.g.v. die grootskaalse skole-boykotte rondom die sg. knelpunte in die onderwys. Die skoliere word aangespoor om die volhard in hulle stryd om die stelsel te breek. - p. 5. Dieselfde boodskap word uitgedra in 'n artikel op p. 6 waar dit ook tuisgebring word dat die studente se stryd deel is van die groter sg. vryheidstryd. Dieselfde tema word gebruik in 'n verdere artikel op p. 7

(l) Op p. 1 van bew. W. 64 word die boodskap oorgedra dat die studente deel vorm van die groter stryd deurdat hulle klasse boikot uit protes teen die inwerkingstelling van die nuwe grondwet.
In 'n tweede artikel op p. 1 word die skole-boikot verder gekopel aan die Kleurling- en Indiërverkiesings -

> "The apartheid education time bomb is esploding. All over the country students from schools, universities and technicons are on boycott to demonstrate their rejection of the apartheid elections and in support of their educational demands."

Die oproep vir die boikot is gedoen deur COSAS en AZASO.

(m) Murphy Morobe van UDF en SOYCO het ook 'n beroep op die jeug gedoen om die verkiesings te boikot -

> "Instead of these elections, youth should struggle for a free, non-racial and democratic South Africa where the people shall govern."
>
> Bew. W. 64 p. 6

(n) In bew. W. 70 op p. 3 word die gedagte oorgedra dat skoliere nie soseer ontevrede is oor die sg. knelpunte wat deurgaans aangegryp en geopper word nie, maar dat die Regering se onderwysbeleid (soos ook die Regering self) vervang moet word met 'n heeltemal nuwe stelsel van 'n sg. "peopleLs education". Frank Chikane, visie-president van UDF, spel ook UDF se rol in die verband uit -

"The/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

"The Education Charter must be a document of the people, by the people," Frank Chikane, vice-president of the UDF said.

"The campaign will give us a chance to go to our people, talk to our people and give them a chance to explain exactly what kind of education they want for themselves and their children."

"The Charter will not be drawn up by a few people - everybody will be able to have a hand. The UDF stands fully behind this democratic act," Rev. Chikane said.

Op p. 10 is ŉ artikel waarin die sg. knelpunte nogeens uitgespel word en word die jeug en studente opgeroep om daarom te verenig en word daar ŉ haatgevoel teenoor die Regering opgewek. Op die volgende bladsy verskyn nog ŉ artikel met dieselfde tema.

In ŉ artikel op p. 16 word berig oor die Soweto Parent Committee wat hulle skaar agter die studente se griewe. Insiggewend is dat hulle verklaar dat hulle voorlegging oor die knelpunte aan die Regering slegs tussentydse maatreëls is. Hulle slotsom, egter, is -

"Unless the government dismantles apartheid and allows for a non-racial democratic and undivided South Africa, there is no way the situation in South Africa can be normalised without similar recurrences of unrest."

(o) In <u>bew</u>. W. 73 op p. 1 word die geskiedenis van "Bantu Education" weergegee en word ook verhaal hoe die ANC vroeër alternatiewe skole georganiseer het. Weereens word die Regering as wreed en onderdrukkend voorgestel en word die studente se kenlpunte aangestip. Die studente word opgeroep om te verenig. "so that their aspirations should determine the future education of our country."

(p) In/...

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

(p) In <u>bew</u>. W. 76 op p. 7 word die geskiedenis van Swart onderwys verhaal en word die rol van die ANC in teenstand daarteen geskets. Die boodskap word ook weer oorgedra dat die Regering wreed en gevoelloos teenoor die studente opgetree het.

(q) In <u>bew</u>. W. 79 op pp. 1 en 2 word vertel hoe die studente in Grahamstad wreedaardig deur die polisie aangeval is tydens 'n klasseboikot o.a. in teenkanting teen die nuwe grondwet en word die knelpunte weer uitgelig.

Sien ook pp. 6 en 7

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

DAAD 55. (CISKEI).

1. BEWYSSTUK: B.17 -

In hierdie notule van die Algemene Vergadering van AZAPO gedurende Maart 1982, word in die Uitvoerende Bestuur se verslag aangetoon dat 'n seminaar gehou was deur AZAPO oor die kwessie van die Ciskei, dat die Regering se verlening van onafhanklikheid aan die Ciskei verkondig word 'n bedrog= spul te wees wat daarop gemik is om die Swart massas te ver= deel, en dat 'n besluit geneem is om 'n Anti-Ciskei-kampanje te begin voer.

Dit pas dan in by die UDF/ANC-kampanjes oor dieselfde onder= werp en wat ook in die RSA op landwye basis gevoer word.

2. BEWYSSTUK: B.18 -

Hierdie dokument is eweneens die stukke van AZAPO se vierde Algemene Raadsvergadering van 1984, en hierin word ook ge= propageer in die presidentsrede deur Nybou Mabasa, een van die samesweerders, dat die Regering deur sy "surrogates - the so-called homelands, independant and not yet independant states - continues butchering hundreds of our people." Die Ciskei word dan verkondig een so 'n "independant state" te wees - p. 2 van die Presidentsrede.

Wat ook baie belangrik is in die Presidentsrede, is die feit dat hier openlik verkondig word dat AZAPO 'n rewolusio= nêre organisasie is met 'n "revolutionary task" om almal wat met die Staat saamwerk, te identifiseer (p. 1). Ook word die Staat as hul "enemy" identifiseer, en op (p. 4) van die Presidentsrede vind ons dat hier weer verkondig word dat die massas georganiseer en gemobiliseer moet word, want "Revo= lutions can neither be exported nor imported", en daarom is die massa-aksie deur 'n opgeleide en politiek-bewusgemaakte massa, en gelei deur 'n "dedicated revolutionary movement"

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

noodsaaklik vir uiteindelike oorwinning - d.i. as die hele stuk in geheel gelees word - magsoorname.

Ook van besondere belang is die stuk van N.M. Phosa, getiteld "The Hair and the Struggle", wat deel vorm van dié stukke en afgesien daarvan dat die stuk in sy geheel belangrik is, word hier gepropageer dat "the strategy of non-violence ...... is about to outlive its usefulness ...."

3. BEWYSSTUK: B22 -

Hierdie pamflet van AZAPO handel grotendeels oor propaganda teen Buthelezi, maar op p. 3 word die massas geīndoktirneer om die Ciskeise Staat en Regering, asook die S.A. Regering te verwerp en word op emosionele wyse die massas opgesweep.

4. BEWYSSTUK: C86 -

Hierdie UDF-Transvaal pamflet wat gevind is in die kantore van die UDF (Kaap), en wat ooglopend bedoel is vir mobili= sasie en opsweping van die massas, propageer dat die Rege= ring en ook die S.A. Polisie die massas aldaar treiter, ver= moor, verkragting pleeg en martel.

5. BEWYSSTUK: C102 -

Dit is die stukke van die Nasionale Algemene Vergadering van UDF in Maart 1985, en was gevind by Beskuldigde 19.

Onder die resolusies wat in die stuk opgeneem is, is een oor die voortgesette kampanje teen die Ciskei en word die massas geīndoktrineer dat die Regering aldaar besig is met die "dirty work of their apartheid masters".

6. BEWYSSTUK: C114 -

Hierdie is die resolusies aanvaar deur die UDF (Oos-Kaap).
hierin word die massas voorberei vir verdere geweldpleging
op 4 Desember 1983, en word na die persone wat teen die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Regering en Ciskei se Regering optree, verheerlik.

Ook word gepropageer dat die S.A. Regering verantwoordelik is vir alle geweldpleging in die Ciskei en word die massas opgesweep om die regering aldaar as onwettig te beskou.

7. BEWYSSTUKKE: D.1 en T.1 -

Dit is die notule van die UDF NEC se vergadering van 10 en 11 September 1983, en waarop Beskuldigdes 19 en 20 sitting gehad het en deel gehad het aan die besluitneming en die uitvoering daarvan.

Op p. 5 van die notule vind ons dat die NEC besluit het om massavergaderings te reël oor hierdie kwessie - ooglopend om die massas hierdeur teen die regering en sy beleid te mobi= liseer.

8. BEWYSSTUK: E2 -

Uit hierdie verslag van UDF (Transvaal) aan die NEC van UDF op 5 November 1983, waar beskuldigdes 19, 20 en 21 op sit= ting gehad het en deelgeneem het aan die besluitneming, vind ons dat ŉ Komitee gevorm is bestaande uit ŉ klomp filiale van UDF wat die knelpunt van die Ciskei moes hanteer, en dat UDF ŉ perskonferensie, ŉ massavergadering en pamflet gehou en uitgegee het oor hierdie kwessie. Alles ooglopend om hul doelstelling om die massas te mobiliseer en te orga= niseer, te verwesenlik.

9. BEWYSSTUK: K.1 -

Uit die notule van die Algemene Vergadering van UDF (Trans= vaal) op 17 September 1983, en waarop 20 affiliale van UDF verteenwoordig was, blyk dit (par. 3.12) dat ŉ vergadering tussen UDF en ŉ aantal ander geaffilieerdes plaasgevind het en waarop besluit is om ŉ gesamentlike kampanje te voer oor hierdie knelpunt. Belangrik ook was beluit om ŉ massa= vergadering op 22 September 1983 in Khotso-Huis (UDF se Hoofkantoorsetel) te hou in solidariteit met SAAWU en die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

massas in die Ciskei - ooglopend om die massas rondom dié knelpunt te mobiliseer.

Die vergadering het wel plaasgevind waarvan Bewysstukke 2 en V2 getuig, en hierop het onder andere Beskuldigde 19 (as voorsitter) opgetree. Die verrigtinge van die verga= dering word elders meer volledig bespreek.

10. BEWYSSTUK: S.1 -

Hierdie is die notule van vergadering van die REC van UDF (Transvaal) van 15 September 1983 waarop onder andere Be= skuldigdes 19 en 20 sitting gehad het en deelgeneem het aan die besluitneming.

Hier is dieselfde besluite geneem deur hierdie vergadering as dié hierbo ten opsigte van Bewysstuk K.1 bespreek, en gevolglik word dit nie weer herhaal nie.

11. BEWYSSTUK: W.1 -

Hierdie publikasie "State of the Nation" van Augustus 1983, word uitgegee deur Saspu, 'n geaffilieerde van UDF, en hierin op die tweede blad (p. 10), word die massas opgesweep om die studente-boikotte in die Ciskei te aanvaar as geregverdig en word die Regering, Regeringshoof en Polisie aldaar se optrede veroordeel.

12. BEWYSSTUKKE: W4 en W63 (p. 18) -

In hierdie ooglopend UDF-publikasie, word op p. 2 onder andere die massas opgesweep teen die Regering van die Ciskei en word verkondig dat bykans 100 mense doodgeskiet en meer as 800 aangehou word in die "onderdrukking" wat in die Ciskei plaasvind. Die optrede van die lede van die SAAWU word goedgepraat en verklaar UDF -

> "We take a very serious view of the right of workers to their Unions and to defend themselves against exploi= tation".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

13. <u>BEWYSSTUK: W5</u> -

In hierdie "State of the Nation" van Maart 1985 word die massas teen die Tuisland-beleid en die onafhanklike state van Transkei en Ciskei se regerings opgeweep, en word die regerings hier aan die massas voorgehou as 'n klomp uitbuiters wat die RSA-Regering se werk doen, en word op p. 34 na verwys as dié persone wat "Pretoria's dirtiest work (do) - controlling the people who are at the bottom of apartheid's heap."

14. <u>BEWYSSTUK: W.17</u> -

In hierdie AZASO-nuusbrief wat begin 1984 uitgegee is vir verspreiding word in die Presidentsrede ~~geopper~~ gepropageer dat -

> "Our people in the Ciskei have in particular been subjected to repression unparalleled in our history,"

en word die massas verder ook teen die Staatsbestel opgesweep en gemobiliseer vir massa-aksie.

15. <u>BEWYSSTUK: W.18</u> -

Op p. 9 van die Saspu Focus word die massas geïndoktrineer en opgesweep teen die regering in die Ciskei en word die siening dat die Ciskei nog steeds deel van die RSA is, onder die massas verkondig.

16. <u>BEWYSSTUK: W22</u> -

In hierdie uitgawe van "State of the Nation" van Desember 1983, word die hele uitgawe gewy aan die Ciskeise kwessie. Die massas word opgesweep teen die RSA se Regering en die Ciskei se Regering deur middel van berigte met opskrifte soos -

a) "It began as a bus boycott .. Now its civil war" - p.3;
b) "Broken bodies .. in Mdantsane Bus battle.." - p. 3);
c) "The dogs of the Ciskei war" - p. 6;
d) "Ride or Die!" - p. 5;
e) "The stadium that screams in the night" - p. 6;
f) "Songs from the cells" - p. 20;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

g) "In Ciskei you loose all but your chains" - p. 20;
h) "Paying for Poverty" - p. 22;
i) "A diary of repression" - p. 24.

17. BEWYSSTUK: W23 -

In die uitgawe van die Saspu National van Oktober 1983, word prominensie verleen aan die gebeure in Ciskei en word die massas opgesweep teen die S.A. en Ciskei regerings deur gebruikmaking van bewerings van foltering en wreedhede teenoor die massas gepleeg.

18. BEWYSSTUK: W24 -

UDF (Nasionaal) propageer in sy nuusbrief van Oktober 1983 dat die Ciskeise regering besig is met 'n "ruthless reign of terror against the people and the trade unions in that Bantustan" - p. 2.

Aan die massas word ook gepropageer dat "the struggle of our people in that part of our country called Ciskei, is the struggle of democrats throughout the length and breadth of our country" - p. 2.

19. BEWYSSTUK: W25 -

Vanaf p. 5 van die publikasie "Learn and Teach" van 1983 verskyn 'n artikel getiteld "Ciskei - the Backyard of Apart=heid" en in hierdie artikel word die massas opgesweep teen die regering deur bewerings van moord, marteling en verkrag=tings wat deur die Ciskeise Polisie gepleeg sou gewees het. Die massas word landswyd gemobiliseer rondom hierdie knel=punt.

20. BEWYSSTUK: W28 -

Ook in hierdie uitgawe van Spiked word die massas opgesweep teen die Tuislandbeleid in die algemeen en die Ciskei en RSA Regerings wat verantwoordelik gehou word vir moorde, geweld, ens. pp. 8 en 9.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

21. BEWYSSTUK: W69 -

Op p. 15 van "Speak" van Januarie 1984 verskyn 'n artikel ten opsigte van die Ciskei onder die opskrif "The buses smell of detention and blood" en hierin word die massas opgesweep teen die Ciskeise regering deur bewerings van etlike moorde, onderdrukking en geweldpleging deur Ciskeise Veiligheidsmagte. Ook word die massas geïndoktrineer om saam te staan in verenigde aksie.

22. BEWYSSTUK: W77 -

Op p. 4 van die Grahamstown Voice van Augustus 1983, word 'n berig oor die Ciskei aangetref waardeur die massas opgesweep word om die Ciskeise en S.A. Regerings te sien as hul onder= drukkers en word die massas gemobiliseer rondom hierdie knelpunt.

23. BEWYSSTUK: W78 -

Op pp. 6 - 7 van die Grahamstown Voice van Oktober 1983 word die massas weer eens geïndoktrineer om die Ciskeise Regering te verwerp en word die regering voorgestel as wreed, terwyl die massas gemobiliseer word.

> "The anger, courage and resistance of the Mdantsane people against the cruel Sebe regime must be admired."

24. BEWYSSTUKKE: AC2 en AC6 -

Hierdie dokument is ex facie die stuk self, 'n UDF-dokument, en is 'n poging om die massas te mobiliseer teen die Ciskeise regering deur bewerings van geweldpleging, moorde en onder= drukking.

> "There are stories of disappearances and secret burials. Sebe's figure of seven dead is nowhere near the truth" -

dit is met sulke vae bewerings wat UDF die massas indoktri= neer en opsweep.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

25. BEWYSSTUK: AC4 -

Met hierdie resolusie van UDF word die massas opgesweep deur bewerings van "naked violence perpetrated by the Sebe puppet regime" en word die gebeure in die Ciskei voor die deur van die S.A. Regering gelê.

26. BEWYSSTUK: AC5 -

Beskuldigde 19 skryf hier op 27 September 1983 aan belang=stellendes en versoek hulle om donasies te maak vir mediese en regskoste van aangehoudenes in die Ciskei.

27. BEWYSSTUK: AD2 -

Onder die resolusies wat deur UDF (Oos-Kaap) op 4 Desember 1983 aanvaar was, was een oor die sogenaamde onderdrukking in die Ciskei. Daar is aanvaar dat die Regering in die RSA die verantwoordelikheid moet dra vir wat in die Ciskei sou gebeur, en aan die massas sal voorgehou word dat die Ciskei se regering onwettig is.

> "That the responsibility for the Sebe regime's excessive violence against the peaceful bus boycott lies with~~in~~ racist Pretoria as it creates illegitimate Bantustans with puppet leaders."

28. BEWYSSTUK: AJ.16 -

In hierdie gesamentlike verklaring van UDF en ŉ aantal geaffilieerde vakbonde op 20 September 1983, en wat oog=lopend vir publikasie en verspreiding bedoel is, word die S.A. Regering die skuld gegee vir wat in die Ciskei na be=wering plaasgevind het en word die massas opgesweep teen die Regering en die Ciskeise Regering deur bewerings wat só gestel is dat dit net tot wrewel, afsku en haat aanleiding kan gee.

> "By this act the Apartheid Government has illustrated that the bantustand structures will increasingly be used to suppress any resistance to their apartheid policies.
>
> Alongside this ban is reported excesses comparable with those of Nazi Germany. A stadium in Mdantsane has been converted into a concentration camp. Scores of our defenceless people are being herded into and tortured there."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

29. BEWYSSTUK: AJ21 -

Bewysstuk AJ21 is ook 'n verkaring deur Beskuldigde 19 namens UDF op 31 Oktober 1983, en ook hier word gal ge= braak met die doel om die massas teen die Regering en Ciskei se regering op te sweep en die regerings gehaat te maak.

30. BEWYSSTUK: AJ31 -

Hierdie pamflet van 'n geaffilieerde en aktiewe onder= steuner van UDF, is uitgegee om die massas op te sweep teen die regering en dié gehaat te maak onder die mas= sas as synde hul onderdrukker, en dan word na die Ciskei verwys om die punt sterker uit te bring en die massas te indoktrineer teen die nuwe Grondwet.

> "These 'Junior Partners' of Apartheid will assist the government to more harshly control the lives of the majority. We need only look at rich Sebe and the starving people in the Ciskei".

31. BEWYSSTUK: AL85 -

In hierdie pamflet wat vir die MSC uitgegee is. word die massas deur UDF gemobiliseer om die MSC te ondersteun deur onder andere te verwys na "the shooting of people in the Ciskei".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2018

Kampanje - Verdedigingsmag in die R.S.A.

1. Die ANC (in die dokument waarin die stigting van 'n front beveel word) sonder ook die verdedigingsmag en die beleid en wetgewing van die Regering uit as 'n onderwerp. Die weermag is veral geskik as propagande voorwerp om die massas op te sweep om dit te haat as instrument van onderdrukking en dwingelandy. Dit is ook geskik om veral onder die Blankes siviele ongehoorsaamheid aan te blaas deur te weier om opleiding te ondergaan. Net so kan dit gebruik word om Kleurlinge en Indiers aan te spoor om nie in die parlementêre verkiesings deel te neem nie. Die Kampanje moet deur die "front" en demokratiese organisasies gevoer word.

